



In hierdie uitgawe...

**Voorblad**  
**Kerknuus:**  
Beroepenuus  
Nuus oor predikante  
Bedieningsnuus  
**Advertensies en kennisgewings**

**e** Hervormer  
www.hervormer.co.za

## Voorblad

### Wie nie teen ons is nie, is vir ons

Kyk waar werk God en dan werk jy saam met Hom. Dit klink na wyse woorde. Dit wil tog lyk asof God besig is om groot dinge te laat gebeur deur die prediker Angus Buchan. Talle mense wat die byeenkoms op Greytown bygewoon het, getuig van die positiewe invloed wat dit op hulle lewens en verhouding met God gehad het. Eerskomende Saterdag vind daar weer 'n massabyeenkoms in Pretoria plaas onder die vaandel van *Loftus vir Jesus*. Te oordeel na die kaartjieverkope vir die byeenkoms, lyk dit tog asof daar 'n behoefte by baie mense bestaan om hierin te deel. Ook lidmate van die Hervormde Kerk woon die geleentheid by en vind baat daarby.

Natuurlik sal dit maklik wees om daarmee fout te vind as jy wil. Nie almal hou van sulke massabyeenkomste nie. Die sang en musiek is dikwels vir ons vreemd. En soos met enige preek, sal daar teen die prediker se boodskap kritiek ingebring kan word. Maar dat hierdie byeenkomste op die oomblik bydra tot 'n geestelike herlewing en verdieping by baie mense, ook Hervormers, kan nie ontken word nie.

In plaas daarvan om lidmate wat die byeenkomste bygewoon het, aan te spreek en te laat skuldig voel, behoort ons eerder hulle toewyding en entoesiasme binne die Kerk aan te wend. Toe Jesus se dissipels by geleentheid iemand wat nie een van hulle groep was nie, probeer keer het omdat hy in Jesus se naam duiwels uitgedryf het, was Jesus se antwoord: *Moet hom nie keer nie... Wie nie téén ons is nie, is vir ons* (Mark 9: 39-40). Jesus het immers self ook vir die massas gepreek en die skares het na Hom gestroom. Die praktyk van massabyeenkomste as sodanig behoort nie vir ons 'n probleem te wees nie.

God werk egter nie net in die massas nie. Daarvan is Jesus ook vir ons die beste voorbeeld. Hy het dikwels op persoonlike vlak aan mense se behoeftes aandag gegee. Dink maar aan die vrou wat aan die soom van sy kleed vasgehou het en aan Saggeus by wie Hy tuisgegaan het. God is ook daar aan die werk waar 'n dominee 'n enkele lidmaat in die hospitaal besoek of getrou sy of haar huisbesoek doen. In dieselfde gedeelte sê Jesus dat deur selfs net 'n beker water vir iemand te gee, ons iets van God se werk laat sigbaar word (Mark 9: 41).

— Dr Gerhard Lindeque

#### Kontakbesonderhede:

##### Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -  
[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Hervormer webwerf -  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer -  
[www.hervormer.co.za/page03.html](http://www.hervormer.co.za/page03.html)  
Hervormer LIG! -  
[www.hervormer.co.za/page04.html](http://www.hervormer.co.za/page04.html)

##### E-posadresse:

Redaksie -  
[epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)  
Nuus en berigte -  
[nuus@hervormer.co.za](mailto:nuus@hervormer.co.za)

##### Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

**Die Kerknuus word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.**

## BEROEPENUUS

### ► Beroepe ontvang

**Dr Estelle Danhauser** van Kempten na Barberton



**Ds Marna van der Westhuizen** (beroepbaar) na Ogies (deeltyds)

**Ds Marthinus van Staden** van Swartkop na Gaborone



## NUUS OOR PREDIKANTE

► **Dr Gert Volschenk en sy gesin** word op Sondag 20 Julie deur Gemeente Sannieshof ontvang. Hy was voorheen predikant van Pongola. Dr Volschenk word by die geleentheid deur ds Casper Steenkamp in sy amp bevestig en lewer ook sy intrepreek. Ds Steenkamp sal namens die ring groete en gelukwense oordra. Die gemeente is vakant sedert ds Antonie van Staden besluit het om van lewenstaat te verander.

► **Ds Willem Sauer en sy gesin** word op Sondag 20 Julie deur Gemeente Groot Marico ontvang. Ds Sauer word deur ds Gerrie Senekal in sy amp bevestig en lewer daarna sy intrepreek. Ds Senekal sal ook namens die ring van Zeerust en dr Fanie Pretorius namens die Kommissie van die AKV groete en gelukwense oordra. Die gemeente is vakant sedert die vertrek van ds Hennie van der Linde na Vliegepoort.


► **Ds en mev Gerhard Stoltz** word op Sondag 20 Julie deur Gemeente Magaliesburg ontvang. Ds Stoltz word deur sy vader, ds Dirk Stoltz, in sy amp bevestig en lewer daarna sy intrepreek. Ds Gerhard Stoltz was predikant van Koedoesrand die afgelope paar jaar. Gemeente Magaliesburg is vakant sedert die vertrek van ds Hein Delpont en sy vrou, ds Mariaan Delpont, na Gemeente Krugersdorp.

### Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na [epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za) of besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die 'Teken in'-opsie.

[Terug na Voorblad](#)



▶ Emerituspredikant **ds Bert Kramer** is op Vrydag 11 Julie in Pretoria oorlede. Hy was 88 jaar oud. Meelewing word betuig met ds Jan Kramer, sy gesin en ander familie met die heengaan van hulle geliefde. Die Kerk is saam met die familie dankbaar dat ds Kramer soveel jare kon beleef en dat hy goeie gesondheid geniet het tot ongeveer twee jaar gelede. Hy is die laaste twee jaar elke dag deur ds Jan eiehandig versorg. Daarvoor is daar ook groot waardering.

▶ Emerituspredikant **ds AT McDonald** se moeder is op Maandag 14 Julie in die ouderdom van 96 jaar oorlede. Meelewing word namens die hele Kerk aan hom en sy familie betuig. Ds McDonald en sy vrou beleef goeie gesondheid en hy is steeds ywerig met sy boerderybedrywighede aan die gang. Hy preek gereeld in gemeentes van die Kerk.

▶ **Ds Maralise Janse van Rensburg** (née Van Staden) se moeder is verlede week oorlede. Die Kerk betuig meelewing met ds Janse van Rensburg.

## BEDIENINGSNUUS

■ Gemeente **Vaalpark** vier oor die naweek van 1-3 Augustus sy 21ste bestaansjaar op die kerkterrein. Op Vrydagaand 1 Augustus tree die Albertonse mannekoor op en Saterdag 2 Augustus vind die gemeentelike basaar plaas. Saterdagavond vergader die gemeente met 'n spitbraai en gemeentekonsert. Op Sondag 3 Augustus word die erediens gelei deur di PJ Botha, E Sheppard en prof TFJ Dreyer. Tydens die erediens sal jong lidmate belydenis van geloof aflê.


■ Op 14 Augustus vier Gemeente **Rustenburg-Tuine** haar 20ste bestaansjaar! Die lidmate beplan 'n groot dankfees en wil graag hê dat oudlidmate en vriende van die gemeente moet deel in die feesviering. Op Donderdag 14 Augustus vind daar vroegoggend, om 06:00, 'n verootmoedigingsdiens in die kerk plaas. Bring gerus 'n geldjie saam vir lekker beskuit en koffie wat in 'n spesiale gedenkbekeer geskink word.

Om 08:00 dieselfde oggend word afgeslaan by die plaaslike gholfklub, waar 'n gholfdag aangebied word. Belangstellendes moet asseblief so gou moontlik bespreek by Chris Trytsman (082 469 2221) óf Herman Cilliers (082 453 5387). Vrydagaand 15 Augustus vind 'n spitbraai en dans plaas op die kerkterrein @ R250 per gesin. Kaartjies vir hierdie fees is beskikbaar by Amanda of Marie by die gemeentelike kerkkantoor (014 533 0297). Maak asseblief seker dat u nie hierdie aand vol pret misloop nie. Spesiale reëlings word getref om die kinders te vermaak. Die hoogtepunt van die fees is op Sondag 17 Augustus wanneer ons vorige predikante saam met ons die Nagmaal vier om 07:30 en 09:30. Na afloop van van die Nagmaalviering, om 11:30, word 'n ete aangebied @ R50 per persoon. Kaartjies vir die ete is ook te koop by Amanda of Marie by die kerkkantoor (014 533 0297). 'n Spesiale gedenkblad word ook saamgestel en sal te koop wees by die kerk.

■ Gemeente **Ogies** se bediening is weer goed op dreef nadat ds Robby Pienaar as deeltydse predikant daarheen beroep is. Ds Pienaar is 'n gemeenteseseun vir wie dit belangrik is dat die gemeente waarin hy grootgeword het goed funksioneer. Ds Pienaar doen die werk feitlik kosteloos. Ds Marna van der Westhuizen is tans na die gemeente beroep, ook in deeltydse hoedanigheid, om veral aan die jongmense, kategesse en kleuterkerk aandag te gee. Daar is groot dankbaarheid vir die positiewe vooruitgang van die gemeente nadat onderhandelinge in die verlede oor die sluit van 'n kombinasie net nie wou slaag nie.

■ Gemeente **Warmbad** is vakant nadat ds Stephan Hoffman (jr) besluit het om die deeltydse beroep na Port Elizabeth te aanvaar. Ds en mev Hoffman neem binnekort afskeid van hulle gemeente om die werk in Port Elizabeth te gaan doen. Die gemeente is geruime tyd vakant sedert die vertrek van ds Lewis Strauss na Bloemfontein-Wes.

■ Gemeente **Randfontein Midpark** se nuwe nommers is 082 807 9145 of 082 807 8989.



■ **Gemeente Van der Hoff in Groblersdal is op 29 Julie vanjaar 75 jaar oud.**

Die geleentheid word op 31 Augustus met 'n Nagmaal en middagete gevier. Alle oudpredikante en oudlidmate van die gemeente word na die feesgeleentheid uitgenooi. Belangstellendes word versoek om op of voor 22 Julie met mev Lena Breedt by die kerkkantoor in verbinding te tree by tel 013 262 2728 tydens kantoorure: 09:00 tot 12:00.

## Advertensies en kennisgewings

■ **Mev Ansie Cromhout**, 'n jarelange personeellid van die Administrateur se kantoor en bekende in die Kerk, se seun is verlede week oorlede. Hy was die afgelope weke in 'n koma na 'n motorongeluk. Die begrafnis het op Dinsdag 15 Julie in Pretoria plaasgevind. Ansie en haar geliefdes word verseker van die meeleving en die voorbidding van die Kerk.

■ **VAKATURE ORRELIS:** Gemeente Pretoria-Wes benodig so gou moontlik 'n orrelis. Vergoeding volgens die Kerk se riglyne en die kandidaat se kwalifikasie en ondervinding. Rig aansoeke aan Hervormde Gemeente Pretoria-Wes, Posbus 19240, Pretoria-Wes 0117 of per e-pos aan [nhkpretoriawes@nhk.co.za](mailto:nhkpretoriawes@nhk.co.za). Kontak die kerkkantoor by 012 327 2323 vir verdere inligting.

● **GEMEENTE OOS-LONDEN: VAKANTE DEELSORG PREDIKANTSTANDPLAAS**

Aansoeke van geordende predikante van die Kerk word ingewag vir die vakante standplaas. Emerituspredikante wat bereid is om as 'n brugpredikant in die gemeente te werk, is ook welkom om aansoek te doen, maar voorkeur sal gegee word aan aansoeke van geordende predikante.

### Gemeente Oos-Londen

Die gemeente (gestig in 1937) is die eerste standplaas van die Kerk in die Oos-Kaap wat tot stand gekom het na 'n unieke stukkie geskiedenis wat begin is met onmin in die plaaslike NG gemeente oor die gebruik van kerkies tydens Nagmaal.

Die gemeente het op die oomblik 197 belydende lidmate en 32 nie-belydende lidmate, met ongeveer 108 besoekpunte. Weens die wye verspreiding van lidmate oor die stad, word tans net een erediens om 09:00 op Sondag gehou, met kategese direk daarna.

### Aansoeke en verdere besonderhede

Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure en bepaalde gawes.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan: Oudl Freek Venter, Skriba, Posbus 2217, Beaconbaai (5205) of per e-pos: [freekv@absamail.co.za](mailto:freekv@absamail.co.za)

Verdere inligting kan van oudl Chris Dreyer by 083 268 1292 bekom word.

**Sluitingsdatum: Maandag 28 Julie 2008**


● **Aansoeke ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSAP**

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

Die kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

### KWALIFIKASIES EN ERVARING

Aansoeker moet 'n geordende leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wees. Ervaring in die gemeentelike bediening is 'n vereiste.



## PERSOONSVEREISTES EN VAARDIGHEDE

Entoesiastiese persoon met taalvaardigheid en goeie menseverhoudinge. Moet in spanverband kan funksioneer en oor besondere organisasievermoë en administratiewe en rekenaarvaardighede beskik.

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Promosie en bekendstelling van die Bybelgenootskap en Bybelwerk aan kerke, organisasies en individue op 'n beplande wyse en soos ooreengekom.

Dit behels onder andere besoeke aan gemeentes, ringe, ander kerkvergaderings, sinodes (volgens die struktuur van die verskillende kerke wat die persoon se verantwoordelikheid is) en ander instansies soos besighede, organisasies, skole, ensovoorts, asook persoonlike kontak en skakeling met individue.

Die opstel van bekendstellingsplanne en 'n bemakingstrategie aan die hand van bestaande aksieplanne. Spesiale projekte vir fondsinsameling word gedoen in streekverband, tussen streke van die Bybelgenootskap, en word ook van tyd tot tyd op nasionale vlak aangepak. (Daar word van die Sekretaris verwag om daarby betrokke te wees.)

### **Kantooradministrasie**

Hantering van korrespondensie en skakeling met donateurs. Bedankingsbriewe aan donateurs, opstel van omsendbriewe en inligtingstukke. Voorbereiding, aanbieding en afsending van verslae.

### **Vergaderings**

Bywoning van interne vergaderings, Streekraadsvergaderings en nasionale vergaderings, soos van tyd tot tyd gereël. Uit die aard van die pos is tweetaligheid 'n vereiste.

## VERGOEDINGSPAKKET

Onderhandelbaar

## DIENSAANVAARDING

1 November 2008 of so gou moontlik

## SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE

31 Augustus 2008

## NAVRAE

Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

## AANSOEKE MET CV AAN

Die Mannekragbestuurder

Mnr P Beukes

Posbus 2368

PRETORIA


0001

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/[conveyancing@heysteka.co.za](mailto:conveyancing@heysteka.co.za) of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392.

**Maak gou. Hierdie is tans een van Suid-Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!**







## Basaar en Trekkerskou

Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga

**Datum:** 2 Augustus 2008

**Plek:** hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)

**Basaar bied:** Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders

**Trekkerskou bied:** Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is

**Kontak:** 013 243 3949

### ■ NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum.

Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by [www.naviredd.co.za](http://www.naviredd.co.za)

Datum: 16 Augustus 2008

Tyd: 18:00 vir 19:00

Koste: Kaartjies wissel van R50 tot R120 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.

Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos. God se hawe van hulp en hoop. [www.kpo.co.za](http://www.kpo.co.za)

### ■ Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt

'n Eland, blouwildebees en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008. Dit vind plaas op Plaas Hermanus van mnr Willem van der Merwe in die Soutpansberg-distrik (ongeveer 450 km vanaf Pretoria). U bring net u eie kos, drinkgoed, beddegoed en handdoeke. Sou u nie al drie spesies met hierdie geleentheid kon skiet nie, kan dit met 'n ander geleentheid gebeur in oorleg met die plaaseienaar. Indien u glad nie jag nie maar wel die vleis of biltong wil hê, kan u iemand anders in u plek stuur. Andersins kan u die jagtydperk in die pragtige bosveld kom geniet terwyl die plaaseienaar vir u die jagwerk doen. Dit is vanjaar die enigste jaggeleentheid op die plaas aangesien die plaaseienaar geen ander jaggeleentheid vir vanjaar toelaat nie. Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.

Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.



## Horison Bergfietspretresies

**Datum:** Saterdag 16 Augustus 2008

**Tyd:** 07:00 – 12:00

**Plek:** Logwood Bike Haven,  
Muldersdrift

**Spanne:** 2 – 5 fietsryers per span/aflos

**Koste:** R200 per span


**Kontak:** Bets 083 408 4005  
Tinus 082 577 4067

**Inskrywings:** Enteronline

([www.entrytime.com](http://www.entrytime.com))

**Meer inligting:** [www.nhk.org.za](http://www.nhk.org.za)

**PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS!  
HEERLIKE EETGOED TE KOOP!**



## ■ **BUFFELFEES : 1-3 AUGUSTUS 2008**

Gemeente Marikana se jaarlikse Buffelfees vind plaas oor die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 by ATKV Buffelspoort. Sowat 4 000 mense word by die fees verwag.

Die fees begin die Vrydagaand met die gewilde storievertellervermaak, **Maak-'n-Las**, wat deur Zack du Plessis aangebied word. Gaste op die program sluit die alomgewilde oud-SA krieketspeler Fanie de Villiers in, die veelsydige vermaaklikheidster Dusty Gibson en nog vele ander. Verskeie aanloklike pryse en spesiale aanbiedings by verskillende vakansie-oorde kan ook dié aand opgeraap word.

Kaartjies vir die vertoning beloop R200 per persoon en sluit 'n smullekker potjiekosete in soos net Andries Krogmann dit kan voorberei, asook 'n kaartjie vir die prystrekking van 'n jagpakket met 'n totale waarde van R35 000.

Die Saterdag tree 'n verskeidenheid sang- en vermaaklikheidskunstenaars vanaf 09:00 tot laatmiddag op. Heelwat boere- en kunsmarkstalletjies sal ook hul produkte uitstal. Ander aktiwiteite sluit 'n babakompetisie, kleuteratletiek en landloop in.

Kom smul gerus aan die spesiale resepe buffelwors, -biltong en *-platters*, asook verskeie ander kosbedienings. Vir kinders en energieke is 'n klimmuur en heelwat ander vermaak beskikbaar. Die fees word Sondag afgesluit met 'n erediens in die Buffelsaal.

Vir **besprekings** van kaartjies vir Maak-'n-Las of stalletjies kan die volgende nommers geskakel word: Sarie (014 572 3125), ds Neels van Tonder (072 633 3367), Hennie (083 325 3177). Daar is nog beperkte plek beskikbaar vir feesgangers wat vir die hele naweek by die oord wil bespreek.

## ■ **Prof Bieks Beukes** is tans beskikbaar vir onderstaande dienswerk in die Kerk: **Gewone eredienste en bevestiging van huwelike.**

### **Brugpredikant:**

- Om vakante gemeentes vir enkele maande (of so lank as wat nodig is) te help om te beroep of om oor te gaan na 'n ander bedieningsfase.
- Om gemeentes wat in 'n doodloopstraat beland het, in die kortste moontlike tyd te lei om hoopvol weer die toekoms in te gaan.

### **Senior lidmate**

- Begeleiding, ondersteuning en toerusting deur middel van diensgroepe, Bybelstudie, sieke- en hospitaalbesoek, traumahantering, pastorale gesprekke, uitstappies, toere en fondsinsameling.


### **Ander gemeentewerk**

- Begeleiding van persone wat trauma beleef.
- Assessering en terapeutiese begeleiding van huwelik-ouerkind-probleme.
- Toerusting op elke terrein van die bediening.
- Implementering en instandhouding van 'n gemeentebouprogram.
- Beplanning en generering van fondse.
- Kerkbestuur (beplanning, organisering, leiding, kontrole).

Prof Beukes het jare se ondervinding van gemeentewerk, opleiding en voortgesette opleiding van predikante, veral wat praktiese werk in gemeentes betref. Verder was hy betrokke by die ontwerp en aanbidding van kursusse in die Kerk. Gedurende die laaste twee jaar het hy as brugpredikant twee gemeentes gehelp om weer goed te funksioneer.

Hy het ook die onderstaande spesialiteitskursusse voltooi:

- Gewone en gevorderde kursusse in beplanning en bestuur
- Kurrikulumontwerp



- Kursus in beïnvloedingsvaardigheid
- GETP-kursus
- Getrouegetuiekursus
- RP-kliniek se kursus in huweliksberading en hantering van trauma op verskillende terreine

Verwysings: Dr SP Pretorius (Kerkkantoor) 012 322 8885  
Dr JC van der Merwe (Kemptonpark-Oos) 082 859 7412

Prof Beukes se adres en telefoonnommer is:

Privaatsak X09  
Suite 415 Postnet  
Queenswood  
072 036 4960

## ■ NUWE ERFENISSENTRUM OP DIE VOORTREKKERMONUMENT ERFENISTERREIN IN PRETORIA

Die Erfenisstigting is 'n Art 21-maatskappy sonder winsmotief wat gestig is om te help omsien na bedreigde erfenisgoedere, veral dié wat vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking van kultuurhistoriese en emosionele belang is. Die Erfenisstigting het die inisiatief geneem om 'n nuwe Erfenisentrum op die VTM Erfenisterrein in Pretoria op te rig. Dié sentrum nader nou voltooiing en sal op 5 September 2008 amptelik ingewy word.

Die Erfenisentrum bestaan uit 'n drieverdiepinggebou en bevat museumstoorkamers, werksinkels, argiewe, 'n biblioteek en navorsingsentrum, asook verskeie ander bypassende fasiliteite, soos kantore en 'n auditorium. Die mees prominente gedeelte daarvan sal bestaan uit 'n byderwetse uitstalling met inligtingspanele, oudiovisuele voorstellings, klankpunte, raakskerms, enkele erfenisitems en ander fokuspunte. Dit sal primêr gerig wees op binnelandse besoekers, met die doel om op 'n eerlike en objektiewe manier reg te laat geskied aan die Afrikaners se geskiedenis, rol en bydrae in Suid-Afrika.


Verskillende instansies het reeds 'n totaal van meer as R10,4 miljoen van die totale projek koste van R11,8 miljoen bygedra. Alhoewel die Erfenisstigting reeds toegang verkry het tot oorbruggingsfondse vir die res van die benodigde bedrag, bly die ideaal om die Erfenisentrum so ver moontlik skuldvry in bedryf te stel. Daar moet derhalwe volstoom voortgegaan word met verdere fondsinsamelingsaksies.

Persone wat die projek graag wil ondersteun, word vriendelik versoek om dit op een van die volgende wyses te doen:

- SMS die woord **erfenis** aan 36196. Elke boodskap kos R5, waarvan net meer as die helfte aan die Erfenisstigting oorbetal sal word.
- Deponeer 'n kontantbedrag in die lopende rekening van die Erfenisstigting by Absa Brooklyn, takkode 632 005, rekeningnommer 4056 209 535. Geliewe 'n afskrif van die oor-/inbetalingstrokie te faks aan 086 615 9587.

U ondersteuning kan help om te verseker dat veral ons jeug nie die slagoffers word van disinformasie en die verdraaiing van hul eie geskiedenis nie.

Verdere besonderhede van die projek en ander moontlike maniere om dit te ondersteun, kan verkry word by [hub@erfenisstigting.org.za](mailto:hub@erfenisstigting.org.za) of 083 300 4580.





## ■ BYBEL PRETLOOP

Plek: Voortrekkermonument

Datum: 9 Augustus 2008

Afstand: 5 km en 10 km

Tyd: 08:00

Medaljes vir almal. Navrae:

082 962 2870 of 012 370 3513



■ **Lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** het op 15 Julie 'n geslaagde gesprek gevoer met verteenwoordigers van diensorgane oor die konstitusie van **to care**. Die konstitusie is reeds deur die Kommissie goedgekeur. 'n Beleidsdokument word nou opgestel wat in September deur die Kommissie goedgekeur sal word. Meer inligting in dié verband sal in die Kerk beskikbaar gestel word. **to care** is in alle erns met sy werk besig en 'n beroep is op alle belanghebbendes gedoen om positief en met oorgawe saam te werk.

■ **Die Moderamen** vergader op Donderdag 24 Julie. Gesprek word onder meer gevoer met lede van die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat oor hulle werksaamhede.

